



59 jaar van diens — om
kinders te laat uitblink

MEI 2017

n Nuusbrief vir vriende van Girls and Boys Town

Magalies- burg verwelkom 2017 se verkose leiers

Ons Magaliesburg-kampus het onlangs sy jaarlikse inhuldigingseremonie gehou en vanjaar se nuutverkose leiers aangewys wat nou die verantwoordelikheid van die kernwaardes van Girls and Boys Town se portuurgroepstelsel moet laat voorleef.

Ons nuwe burgemeester se eerste amptelike daad van dienswilligheid was om sy verbintenis tot leierskap te bevestig: "Dit is my rol om my Raadslede aan te moedig en te motiveer en die gemeenskap te verseker dat ek bereid is om hulle te lei. Om my sterk te maak, moet my Mede-raadslede langs my loop. Saam kan ons alle vrese, teleurstellings, spyt en mislukkinge wat mag voorkom te bowe kom. Laat my toe om te dien ten einde 'n groot leier te wees – want die grootste leierskap lê in diegene wat nie bang is om ander te dien nie"



Ons nuutverkose Burgemeester met senior personeel, omring deur 2017 se nuwe Raadslede.


Hierdie konsep van 'self-regering' is wat Girls and Boys Town uniek maak. Hier word ons jongmense die geleentheid gegee om betrokke te wees in hul eie daaglikse verantwoordelikhede en besluitneming.

Onder die leiding van volwassenes kies ons seuns en dogters hul Burgemeester en Raadslede – 'n proses wat leiers skep en groot verantwoordelikheid inboesem, nou en vir die toekoms.

Wel gedaan Mnr Burgemeester en Raadslede! Ons wens julle die heel beste toe op hierdie wonderlike reis met die lei van jul eweknieë op die regte pad tydens 2017 – mag julle almal skitter.



Die Eed is gelees deur elke Raadslid.



Nuwe Raadslede steek kerse aan om die nuwe kwartaal aan te dui.

Spanbou vir Nuutverkose Raadslede



Die nuwe leiers trek weg op 'n hindernisbaan terwyl hul 'n klein blou beker, gevul met water, vashou. Die water verteenwoordig elke seun se lewensprobleme – jy moet hulle saam met jou dra, so die uitdaging is... moenie enige van die water mors nie, en jy kan nie die beker oorhandig aan iemand anders nie. Om die kursus te voltooi sonder om in mekaar se pad te kom, was 'n lewensles oor hoe om jou probleme saam met jou te dra, terwyl jy saamwerk met ander om 'n pad na die einde te vind.

Ons Visie


Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

Ons Missie

Skep geleenthede vir die jeug om tot verantwoordelike burgers te groei en te ontwikkel, wat tot die gesins- en gemeenskapslewe kan bydra in die gees van vrede, waardigheid, verdraagsaamheid, gelykheid en solidariteit met ander.

Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town

'n Bemaking in 'n Testament aan Girls and Boys Town, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.



Nasionale hulplynnr: 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos ds@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
Registrasiennr. 009-244 NPO
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



Die lewe na Girls and Boys Town

Onvermydelik word ons jeug groot – en hul tyd met ons eindig. Terwyl dit beteken dat ons verantwoordelikheid teenoor hulle ook eindig, eindig die omgee verseker nie. So, om totsiens te sê is nie 'n einde nie, maar eerder die begin van natuurlike 'ouerlike' besorgdheid...

Waarheen gaan hulle? Hoe hanteer hulle die lewe? Pas hulle suksesvol aan – en trek hulle voordeel uit – die waardes wat hulle geleer het tydens hul tyd met ons...?

Ons *Die lewe na Girls and Boys Town* navorsingsprojek doen opvolgonderhoude met huidige verlaters en vorige jeug om te sien hoe hulle die lewe hanteer na hul tyd by Girls and Boys Town.

Ons het hierdie projek in 2012 begin en is tans in ons sesde jaar van opvolgonderhoude met 'n totaal van 96 alumni. Die longitudinale studie sluit 'n opvolgonderhoud in met die jeug die eerste jaar nadat hulle Girls and Boys Town verlaat het en dan weer elke jaar daarna. Vanjaar het sommige oudstudente pas hul vierjarige opvolgonderhoud gehad. Hierdie navorsing word saamgestel in 'n verslag wat binnekort beskikbaar sal wees.

Deur die jare heen het ons veldwerkers onvermoeid hul weg gebaan oor die land om vorige jeug op te spoor, en dit blyk 'n baie moeilike taak te wees in gevalle waar daar geen spore van kontaknommers of werkplekke is nie. Tog het ons daarin geslaag om soveel in hul huise te besoek en hul ongelooflike stories te hoor.

Eweknie navorsing 'n opwindende toevoeging

Nou is ons opgewonde om 'eweknie navorsing' aan te kondig as 'n toevoeging tot die *Die lewe na Girls and Boys Town* Projek, en werf ons Girls and Boys Town alumni as veldwerkers om ons te help met die vind en opteken van die stories van ander wat ons huise verlaat het.

Ons eerste 'eweknie navorser' is onlangs opgelei en het sy eerste opvolgonderhoude gevoer. Dit was 'n leerervaring vir ons almal en ons hoop om voort te gaan om hom en nog baie meer jongmense in ons veldwerkersspan in te sluit. Die doel is om meer van ons navorsing geloods en uitgevoer te hê deur mense wat self die ervaring deurgemaak het wat bestudeer word.

Die ongelooflike stories wat ons hoor van ons Girls and Boys Town alumni het ons aangespoor om hulle hul stories te laat deel met ons ander personeel en jeug. Ons glo hulle het so baie ervaring en insig om te bied, 'n ongelooflike geleentheid om te leer vir ons huidige dogters en seuns. Dit is so belangrik vir ons dat ons ons jeug met soveel leiding en insig in die wêreld as moontlik kan voorsien sodat hulle daaruit kan leer en hul paaie kan rig nou en nadat hulle Girls and Boys Town verlaat het.

Dankie dat u deel is daarvan om te help om die lewens van hierdie wonderlike jong Suid-Afrikaners te bou. Ons waardeer u vriendskap regtig.

Lee Loynes
LEE LOYNES

Hoof Uitvoerende Beampte

Leer van die insameling van kos uit die aarde

In Maart 2017 het ons 'n onderhoud gevoer met Siphos, een van ons vorige jeug wat ons in 2015 verlaat het. Hy kom uit 'n diep landelike gebied in KZN met verdrukkende armoede en geen vooruitsigte van indiensneming nie. Siphos reis vir byna vyf uur soontoe en weer terug na die onderhoud in Durban en het twee dae oorgebly om dit by te woon. Tydens die onderhoud beskryf hy die baie swaarkry wat hy in die gesig moes staar sedert die verlatings van ons sorg, insluitend sy onvermoë om werk te bekom, skool toe te gaan, of selfs genoeg kos te hê om te eet. Direk na die onderhoud is ons aangespoor om 'n kollega te bel wat betrokke is by kosboerdery en die volhoubaarheid van lewe. Die kollega het gekom en 'n baie kort inleidende vaardighedsopleiding in voedselverbouing in

samewerkende groepe met Siphos geloop. Saam het hulle saad vir Siphos gekoop, insluitend spinasie, kool, patats, beet, botterskorsie, en pampoen. Die boodskap aan hierdie jongmens is dat om arm te wees nie beteken om sonder kos te bly as hy sy eie kos kan kweek nie. Hy moet net weet hoe. Sy het Siphos ook foto's van sommige van haar projekte gewys en hom opgelei in hoe om te werk saam met sy vriende sodat hulle kos saam kan kweek. Sy het ook haar selnommer gegee om voort te gaan met mentorskap. Siphos het terug huis toe gegaan met die belofte om sy eie groentetuin te vestig.



Reaksie op die behoeftes van ons sorg verlaters...

Ons *Die lewe na Girls and Boys Town* opvolgonderhoude met vorige jeug het ons ook die geleentheid gebied om 'n paar nasorgintervensies te doen met hulle.

Bo en onder is twee onlangse voorbeelde van KwaZulu-Natal soos berig deur ons area se veldwerker. Dit is beide wonderlike voorbeelde van hoe, deur middel van ons navorsing, ons veldwerkers in staat is om stories te hoor van sorg verlaters wat hul kennis en netwerke gebruik om die jeug te verbind met ander in die gemeenskap en om hulle verder te ondersteun...

Hoop deur verdere studie

Nog 'n jongmens na wie ons uitgereik het in Maart 2017 as deel van ons navorsing is 'n jongmens wat ons in Maart 2016 verlaat het. Tydens sy onderhoud het hy beskryf hoe hy sukkel om permanente werk te kry. Ten spyte hiervan woon hy onafhanklik en huur hy 'n kamer op sy eie noord van Durban.



Maart 2017 Alumni

Hy het 'n paar elektriese vaardighede en 'n sertifikaat wat hy tydens sy verblyf by 'n Girls and Boys Town Familiehuis gekry het. Tydens die onderhoud het ons gou besef hoe verantwoordelik hierdie jongman was. Op grond hiervan het ons gepraat met die eienaar van die Vaardighedsopleidingsentrum waar hy voorheen opgelei is en hulle het ons dadelik gevra om hom terug te stuur na die skool aangesien hulle in staat kan wees om hom by te staan en hom verder hoop te gee om te skitter.

Nou gryp Afrika ons navorsingsmetodes aan

Ons is veral trots op die onlangse erkenning wat ons *Die lewe na Girls and Boys Town* longitudinale navorsings-benadering bereik het en wat deur akademici in ander Afrika-lande aangeneem word. Dr Kwabena Frimpong-Manso van die Universiteit van Ghana is reeds besig met die replisering van ons studie in Ghana en Ethiopië en Dr Admire Chereni het ons ook meer onlangs genader om ons studie in Zimbabwe te repliseer.

Hierdie repliseringsproses

behels die opleiding van hierdie akademici in die middels wat ons ontwerp het om ons navorsing aan te voer wat hulle dan in hul eie onderskeie lande kan uitvoer. Ons is dan in staat om saam te werk en data te deel wat dit moontlik maak vir belangrike vergelykings om getref te word tussen Girls and Boys Town verlaters en dié van ander Afrika-lande. Ons sal ook van mekaar leer wat die beste praktyk vir jeugverlatingsorg is, wat beteken dat ons voortdurend kan leer en die heel beste aan ons gegradueerdes kan verskaf!



Dr. Frimpong-Manso van die Universiteit van Ghana.

HERENIGING VAN FAMILIES

Dit het ons albei verander, s ma en dogter

Kinders het dikwels desperaat geleenthede nodig waar hulle bekendgestel kan word aan alternatiewe maniere om die lewe te verstaan en die manier waarop dit geleef behoort te word – en geleenthede om te skitter. Dit was die geval met Laurie, wat 'n baie gespanne en ongesonde verhouding met haar ma Nadine gehad het.

Nadine het gely aan depressie – en 'n verlede wat Laurie gesukkel het om vrede mee te maak. As gevolg hiervan het Laurie voortdurend uitgevaar teen haar moeder, altyd gereageer in woede, en selfs begin steel van haar. Dinge het progressief erger geword en Nadine kon nie haar dogter op haar eie hanteer nie. Dit was toe sy haar wend na ons vir hulp...

Toe Laurie na Girls and Boys Town gekom het, het dinge begin omdraai. Terwyl 'n familiwerker met Nadine gewerk het in haar huis, is Laurie in ons terapeutiese en omgee residensiële omgewing geplaas tydens die mees uitdagende tyd van haar tienerjare.

Dit was nie maklik aan die begin nie: “Die Residensiële en Familiediens maatskaplike werkers het hard gewerk om Laurie en my te help met hanteringsvaardighede en die reis was lank,” onthou Nadine.

Maar ingryping deur Girls and Boys Town was die enigste antwoord vir hierdie ma en dogter. “My Familiwerker het my talle take gegee om te doen om my te help om Laurie te hanteer en haar gedrag by die huis te monitor. My

wens was dat Laurie en ek 'n gesonde en gelukkige moeder-dogter verhouding sou hê. My Familiwerker het my gehelp om gefokus te bly hierop, selfs deur die moeilike tye toe ek wou moed opgee.”

Nadine ervaar nou die vrugte van Girls and Boys Town se ingryping. Laurie se vertrouwe in haarself, haar eie waarde en vermoëns het haar uitkyk op die wêreld en haar verhouding met haar ma uiters beïnvloed. “Laurie reageer nou goed op take wanneer sy oor die naweke by die huis is en die afgelope tyd loop sy die ekstra myl.”

Soos sy ouer geword het in die regte omgewing, het sy 'n sin vir verantwoordelikheid ontwikkel en is nou 'n prefek by die skool en 'n leier by Girls and Boys Town.

“Dit is ongelooflik dat sy praat oor haar studies, skool, opvoeders en skoolmaats. Haar verblyf by Girls and Boys Town het ons albei verander! Sy is in staat om te sien dat 'n blink toekoms voor haar lê en ek is verlos van die vrees vir die onbekende. Selfs vriende en familie lewer kommentaar oor die ommekeer wat ons albei getoon het. In my opinie is ingryping 'n voorvereiste as intense uitdagings ervaar word by die huis. Ek het nooit die lig gesien nie tot Laurie na Girls and Boys Town gegaan het!”

Tienerseun vind ma — 11 jaar later

Darren se ouers was nooit getroud nie. Hulle het gekom uit verskillende agtergronde en hul verhouding het nie voortgegaan na Darren se geboorte nie. Hy het saam met sy ma in 'n landelike gemeenskap gebly totdat hy vyf was, toe sy pa skielik weer verskyn en hom weggeneem het.

Vir die volgende 11 jaar is Darren fisies, seksueel en emosioneel mishandel aan die hand van sy pa... juis die persoon wat hy moet verwag om te kan vertrou. Hulle het voortdurend rondgetrek as gevolg van sy pa se onstabiele leefwyse, alkoholmisbruik en swak lewenskeuses. Dit het ook beteken dat Darren se ma alle spore van hom verloor het...

Darren het uiteindelik hulp gevind toe sy pa 'n kamer gehuur het van iemand wat bewus geword het van die nalatigheid, misbruik en kriminele aktiwiteite. Toe Darren se pa hom laat inbreek het by die huis van die einaar, het sy die mishandeling en die misdade aan die SAPD en maatskaplike dienste gerapporteer. En na 11 jaar het Darren uiteindelik verligting gevind...

Die Girls and Boys Town Familiedienste het 'n aansoek ontvang vir plasing vir Darren, nou 16 jaar oud terwyl hy in tydelike veilige sorg bly. As deel van die assesseringsproses het die Familiedienste Span probeer om kontak te maak met sy ma en pa. Met geen idee van waar sy moeder haar bevind nie en konstante verkeerde inligting van sy pa, was hulle gestuur van bakboord na stuurboord, met geen antwoorde vir Darren nie.

Dit was eers toe hulle uiteindelik in staat was om 'n artikel in die plaaslike koerant te plaas wat Darren se oom

kontak gemaak het. Ons Familiedienste Span het die inligting deurgegee aan die maatskaplike werker wat Darren vir plasing verwys het, en sy het daarin geslaag om kontak te maak met die ma wat al hierdie jare op soek was na haar seun.

Na 'n lewe van mishandeling en misbruik was Darren huiwerig om kontak te maak met sy ma, nou 'n vreemdeling vir hom. Die Familiedienste Span, vasbeslote om Darren te laat genees op sy eie trant en in 'n plek waar hy veilig voel, het die besluit geneem om hom te plaas in 'n Kinderhuis nader aan sy ma en skool waar hy goed gedoen het en positiewe bande ontwikkel het met sy onderwysers.

Ses maande na sy plasing by die Kinderhuis het hulle ons in kennis gestel dat Darren weer kontak met sy ma gemaak het, en dat hy voortgaan om te floreer by die skool en hy is in die proses van herstel van sy verlede.

Hy is ook aan die bou aan soliede verhoudings met ander familieleden. 'n Ouer half-suster in 'n ander provinsie het pas vir hom en sy ma 'n vliegtuigkaartjie gestuur en hulle gaan haar besoek tydens die skoolvakansie. Darren is nou gelukkig en het sy dankbaarheid teenoor Familiedienste uitgespreek omdat hulle dit moontlik gemaak het vir hom om te verenig met die familie wat hy kan vertrou.

Dit is die resultate soos hierdie wat alles wat ons doen so die moeite werd maak! Baie dankie aan ons Familiedienste Span vir die verskaffing van die heel beste oplossings vir Darren, asook hoop vir kinders en hul gesinne om hulle te help skitter.



Die naartstglike werk om 'n seun se selfbeeld te herstel.
Dit is Warren se storie — soos vertel deur een van ons
Leerder-Ondersteuning Sentrum personeel

“Selfs die boontjie wat ek geplant het het doodgegaan.”

Toe Warren by ons gearriveer het, het ek hom gevra, "Wat wil jy uit die lewe hê?"

Sy antwoord was: "Ek wil normaal wees, soos ander mense".

Toe het ek gevra, "Wat maak ander mense normaal?"

Hy het gesê, "Hulle kan lees en skryf, hulle is iets werd, ek is net niemand, ek kan niks reg doen nie. Selfs die boontjie wat ek geplant het het doodgegaan".

Nodeloos om te sê het my hart gepyn toe ek dit hoor.

Warren is 'n 15-jarige seun van een van ons 6 Familiehuse.

Sy voltydse reis met ons Leerder-Ondersteuning Sentrum het begin vanjaar in Januarie toe hy geskors is uit sy skool.

'n Leesassessering, in die middel van Januarie vanjaar, het getoon dat hy nie in staat was om te lees of skryf nie. Inderwaarheid het hy nie eens die alfabet geken nie.

Afgesien van lees en skryf was daar 'n ander gebied wat baie werk nodig gehad het – sy swak selfbeeld.



Ons het vir Warren 'n 10 week doel opgestel. Die doel was om 'n honderd van die mees gebruikte woorde in Engels te lees teen die einde van die 10 weke.

Hierdie doel het hy bereik in die toegelate tyd.

Hierdie prestasie het sy selfvertroue en selfbeeld so 'n groot hupstoot gegee dat hy meer dikwels glimlag en lag as wat hy ooit tevore gedoen het.

Na 6 weke het hy alreeds 7 bladsye op sy eie gelees.

Ek het hom toe gevra, "Hoe voel jy nou?"

Sy oë het geblink van opgewondenheid toe hy sê: "Ek voel asof ek ook iemand is. Ek voel asof ek iets werd is. Ek kan lees! Uiteindelik is ek ook normaal".

Warren se gedrag is steeds 'n werk in proses. Sy selfbeeld het egter 'n groot sprong gemaak en hy het 'n bereidwilligheid om te slaag en voort te gaan met die program.

Met sy aankoms was hy 'n skugter jong man met geen moed nie. Hy sou niemand vra vir hulp nie. Voor sy eweknieë het hy opgetree asof hy nie belangstel in werk nie sodat hulle nie sou weet van sy "gebrek" nie.

Nou praat hy vrylik oor sy leesvaardighede voor die ander seuns. (Die meisies mag nog nie weet van die geheim nie).

Hy vra vir hulp wanneer dit nodig is.

Daar was net 'n totale transformasie in sy houding.

Dieselfde leesassessering wat gedoen is in Januarie is onlangs weer gedoen. Dit het gewys dat Warren se lees verbeter het met 18 maande sedert Januarie.

Dit is 'n groot voorreg vir ons om deel te wees van hierdie groeiproses soos ons help om elke jongmens te laat skitter – een tree op 'n slag.

Macassar stel skoolbywoningsrekord op

Otomatiese aanvaarding van ons jeug in die hoofstroom skole is nie iets wat ons as vanselfsprekend kan aanvaar nie.

17 Seuns van Macassar-kampus het begin skoolgaan op die eerste skooldag – met 'n verdere drie wat nog wag vir assessering en plasing. Dit merk 'n geweldige eerste dag as in ag geneem word dat verlede jaar 'n veel kleiner persentasie in staat was om die skool by te woon.



Eerste dag - deftig aangetrek en reg om te gaan!

Die proses van toelating is dikwels lank en moeilik, en dus was die pogings en hulpbronne van ons plaaslike Leerder-Ondersteuning Sentrum noodsaaklik in die bereiking van 'n rekordvlak van die skool toelatings vanjaar.

Alles te danke aan hulle, het ons 'n groep

deftig geklede seuns, met hul nuwe skooltasse gepak met skryfbehoeftes en 'n gekombineerde 190 netjies oorgetrekte boeke, begin skoolgaan

met hul koppe en gemoedere omhoog. Dit is ook die aanmoediging, leiding en ondersteuning van die Girls and Boys Town personeel en beslis die bereidwilligheid van hierdie seuns om te slaag en hard te werk wat

hulle deur die skoolhek gekry het met 'n gevoel van trots en prestasie.

Ons twyfel nie dat daar steeds baie werk is wat voorlê nie, maar met die soort spanwerk wat Macassar-kampus bied is enigiets moontlik. So dankie aan al die personeel wat betrokke is. Hierdie taak sal nooit maklik wees nie, maar altyd lonend, veral in tye soos hierdie.

HOE OOK AL GENOEM, ONS SEUNS EN DOGTERS IS □ N WERKLIKHEID!

Al die jeug wat u sal sien in ons nuusbriewe is werklike Girls and Boys Town familie! Maar as □ n maatsta om hul privaatheid te beskerm, word name volgens beleid verander. Ons vertrou dat u sal verstaan. Dankie.

'n Wêreldse Sjokolade Tower Hoed

Rooi is liefde en geel is die son en groen is vir die gras. En die sterre en dotjies is die donderweer wat help reën gee. Die onderwerp van my hoed is dat die lewe onseker is omdat jy nooit weet wat kan gebeur in die lewe nie?

Die tema van my hoed is dat as ek 'n appel gooi in my hoed dan kom sjokolade uit die hoed en al die kleure op my hoed het hul eie spesiale magte.

Al die magte wat spesiaal is is gelyk aan sekere dinge wat ons doen in die lewe. Dit is hoekom ons nie moet moed opgee in die lewe nie, maak nie saak wat die lewe jou gee nie.

Dit gaan als oor die besluite wat jy neem in die lewe...
dit is die towerkrag daarin!

(Hierdie jongmens se taak was om 'n boed uit karton te skep – maar die ontwerp en kleure moes 'n storie vertel aan sy geboort. Hy het eers 'n groot stuk karton gespatverf – en dan eers die kaart gesny in die nodige vorms. Toe het hy meer ontwerpe toegevoeg. Laastens het hy al die stukkies aanmekaar gegom en sy storie geskryf.)